ACER (Africa)
Environmental Management Consultants
NATIONAL PREMIUM AWARD 2002 & 2004
INTERNATIONAL ASSOCIATION FOR IMPACT ASSESSMENT
SOUTH AFRICAN CHAPTER

P O Box 503, Mtunzini, 3867 South Africa
Suites 5 & 6, Golden Penny Centre
26 Hely Hutchinson Rd
Tel: 086 010 4958
Fax: 035 340 2232
Website: www.acerafrica.co.za
E-mail: nuclear1@acerafrica.co.za

Datum: 5 July 2007
Verw: Nuclear 1 03A

«Title» «First_Names» «Surname»
«Position»
«CoOrg»
«Address»
«City» «Postcode»

Faks:

Geagte «Title» «Surname»«Salutation»

ESKOM – OMGEWINGSIMPAKSTUDIE (EIA: 12/12/20/944) VIR 'n VOORGESTELDE KERNKRAGSENTRALE EN GEPAARDGAANDE INFRASTRUKTUUR

U word vriendelik uitgenooi om 'n Sleutelbelanghebberwerkswinkel op **enige** van die volgende dae by te woon:

DAG EN DATUM	PROVINSIE & DORP	PLEK EN ADRES	TYD
Vrydag, 27 Julie 2007	Oos-Kaap, Port Elizabeth	The Beach Hotel, Marine-rylaan	10H00 – 13H30
Dinsdag, 31 Julie 2007	Noord-Kaap, Kimberley	Kalahari Lodge	10H00 – 13H30
Maandag, 13 Augustus 2007	Wes-Kaap, Durbanville	Durbanville Golf Club	10H00 – 13H30

Ligte verversings sal na afloop van die vergadering voorsien word. **Aanwysings** word op die RSVP vorm voorsien.

Hierdie werkswinkel is deel van die Omgewingsimpakstudie (OIS) -proses wat deur ARCUS GIBB (Pty) Ltd onderneem word vir die voorgestelde Eskom Kernkragsentrale en gepaardgaande infrastruktuur. Verdere inligting is in 'n Agtergrondinligtingsdokument saam gevat. Dit sluit 'n kaart in en is per pos aan u gestuur.

Projek dokumentasie kan ook op Eskom se Webwerf: www.eskom.co.za/eia gevind word deur die skakel "Nuclear 1" te volg.

Die terreine wat tans as deel van die OIS ondersoek word is soos volg:

- Bantamsklip (Wes-Kaap – 10 km suidoos van Pearly Beach).
- Brazil (Noord-Kaap – Kleinsee/Port Nolloth area).
- Duynefontein (Wes-Kaap – langs die bestaande Koeberg Kragsentrale, Kaapstad).
- Schulpfontein (Noord-Kaap – Hondeklipbaai/Kleinsee area).
- Thyspunt (Oos-Kaap – Wes van Port Elizabeth naby Kaap St Francis).

As ‘n sleutelbelanghebbende stel ons u bywoning van een van die werkswinkels hoog op prys en het gepoog om die werkswinkels so sentraal as moontlik te reël. Die doel van die werkswinkels is om ‘n uiteensetting van die projek te verskaf en aan u die geleentheid te bied om die Projekspan by te staan met die identifikasie van sleutel kwessies en impakte wat ondersoek en bestuur moet word.

Ons glo dat so ‘n werkswinkel waarde inhou deurdat u die geleentheid gebied word om ander sleutel belanghebbendes se sienswyses en kwessies aan te hoor en dit in konteks met u eie te stel. Sodoende word ‘n meer geïntegreerde benadering bevorder.

Vind asseblief die RSVP vorm hierby aangeheg. Om reëlings te vergemaklik, sal ons dit waardeer indien ons u antwoord nie later as Vrydag, **20 Julie 2007**, ontvang nie. ‘n Lys van sektore en organisasies wat na die werkswinkel genooi is, is ook aangeheg. Dui asseblief op die RSVP vorm aan indien u van mening is dat enige ander persone of organisasies ook uitgenooi behoort te word.

Indien u nie die werkswinkel kan bywoon nie, voltooi asseblief die kommentaarvorm wat saam met die Agtergrondinligtingsdokument wat na u gepos is, of kontak my gerus om u kwessies te opper en/of ‘n alternatiewe ontmoeting te reël.

Ek dank u by voorbaat vir u aktiewe en betekenisvolle deelname in die OIS-proses, en daarmee saam u bydrae tot ‘n beter ingeligde besluitnemingsproses.

Vriendelike groete.
Die uwe,

Me Bongi Shinga
Publieke Deelname Spanleier

Die inhoud wat aan u gestuur is, is soos volg:
Bladsy 1 van 5: Uitnodigingsbrief, bladsy 1
Bladsy 2 van 5: Uitnodigingsbrief, bladsy 2
Bladsy 3 van 5: RSVP Vorm
Bladsy 4 van 5: Lys van sektore en organisasies uitgenooi
Bladsy 5 van 5: Aanwysings na die werkswinkels